

6 Junie

Handelinge 4:19-31 (4:24a)

Die derde kenmerk van 'n "groot" kerk: groot in gebed

Binne 'n maand na die stigting van die Jerusalemse kerk moet dit die hoof bied aan die eerste groot krisis - die wettige owerheid belet dit om getuienis te gee omtrent die opgestane Here Jesus. Wat is die kerk se eerste strategie teen die aanslag? Die lidmate bid saam. Waarom? Omdat hulle dissipels (dit beteken: navolgers, na-apers) was van hulle leermeester, Jesus. Hy het vreeslik baie gebid, sommer 'n hele nag lank (Luk 6:12), vir ander in krisisse (Luk 22:31,32) en vir homself (Luk 22:39-46). Daarom: Die eerste ding wat die gestuurde (en agtergelate) kerk doen, is om te bid (Hand 1:14) en daarna word dit die patroon wat aan al hulle werk voorafgaan (1:24) en van hul normale bestaan (2:42). En luister wat bid hulle: Nie dat die Here hulle vyande se harte moet versag of die lewe vir die kerk makliker moet maak nie, maar hulle loof en prys Hom vir sy grootheid, dank Hom vir die waarheid van sy Woord waarin Hy sy kerk waarsku en voorberei vir sulke situasies en hulle smeek hom om genade dat hulle met vrymoedigheid sal kan getuig. Sien: Die groot kerk staar hom nie blind teen die grootheid van die bedreigings en uitdagings nie, maar bid dat hy 'n oog moet hê vir die grootheid van sy God. Dan kry lidmate vrymoedigheid en is hulle vol vertroue oor hulle posisie in die wêreld. Hulle is aan God se kant en is daarom sterker as hulle teenstanders. As 'n kerk egter nie groot is in gebed nie is dit onmoontlik dat hierdie werklikheid vir hulle werklikheid sal wees. As jou en jou kerk se krag in programme lê, in strategieë sonder om deur gebed gedra te word, sal jou kerk "klein" wees en sal in hom nooit gesien word die krag van die Lewende God nie (vers 31; Ef. 6:18-20).

Sing: Psalm 25:1, 2

Ds. D.C. Coetsee (Noordrand)